Sondag **10 November**
**Skrifgedeelte: Job 42:1-6**
**Fokusgedeelte: Job 42:3-5 (AFR33/53)**

**Om God se heerskappy op 'n heeltemal nuwe wyse raak te sien**

God se besondere openbaring deur vir Job vanuit 'n storm aan te spreek, het Job tot by hierdie laaste besondere hoofstuk in sy lewe gebring.

Hierdie oorgawe is onderwerp aan twéé dinge wat Job tot by hierdie punt gebring het. Wanneer God vir Job in 'n storm antwoord, dan is die groter vraag Wie God werklik is (vgl. 38:2). Job reageer op die vraag na Wie God is met 'n besondere belydenis na wie hy as mens ná alles in sy lewe is.

As God dit duidelik maak Wie Hy is, dan kom Job en erken voor God wie ons is. Job voel hom swak (vs 2), voel hom onwys en oningelig (vs 3), ja Job besef sy gewoon menslike menings is sonder kennis as dit gaan rondom dié dinge wat te wonderbaar is. Job erken dat hy te veel op sy eiegeregtigheid en wysheid staatgemaak het. Hy het van die wonderbare van God nie genoeg gesien nie.

Job se "sien" van God staan met twee uitsonderlike woorde uitgeskryf. Dit wat wonderbaar is en dit wat Job nou kon sien. Job se sogenaamde vriende, Elifas, Bildad, Sofar en Elihu het in van die mooiste digterlike taal ook die krag en majesteit van God kon aanraak, maar nooit het hierdie vier manne gekom by wat God wonderbaar maak nie. In besonder is God se genade wonderbaar.

Die misterie (geheimenis) van hoe God werk, die wonders van God en die genade van God is onafskeidbaar van mekaar. Wanneer hierdie drie dinge saamkom, ontmoet jy dié God wonderbaar in sy woorde en werke. Ons kan alleen stamelend na die skepping kyk en die geheimenisse daaragter is wonderbaar. Tog wil God dat ons hierdie wonderbare skepping saam met Hom moet geniet. Ons moet dinge raaksien, ja van hoorsê het Job van God gehoor, maar nou het sy oog gesien. Die wonderbare moet nie net bely word nie, maar moet nog elke dag ook gesien kan word.

God wil nie dat ons net sy wonderbare skepping sal raaksien nie, maar ons moet Hom ook sien in die wonder van sy genade en in die wonder van sy "wonders". Job sien hierdie dinge voor sy oë saamkom (God se skepping, genade en wonders) en dan noem hy dit dinge te wonderbaar vir my, dit wat ek nie kan begryp nie.

Ons besef om die onbegryplike te mag sien is om Jesus Christus te mag bely. Dan het jy reeds God se heerskappy op 'n heel besondere nuwe wyse kon raaksien. Dan is die hand op die mond, want jy sien wat nie almal kan sien nie. Alleen die Heilige Gees kan jou oë daarvoor oopmaak.

*Sing: Psalm 9-1:1, 5, 7*

*Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)*